GELOFTEFEES, BEYERSRUS, MAKWASSIE.
16 Des. 1955. Toespraak.

Meneer die Voorsitter en mede-Afrikaners,
Waar ek u bedank vir die eer en voorreg om die feesrede op Beyersrus te kom hou, is dit nie net omdat u my vereer het deur u uitnodiging nie, maar ook omdat dit vir my persoonlik 'n betekenisvolle dag is. Die naam Beyersrus herinner onwillekeurig aan die historiese gebeure van 41 jaar gelede wat hulle hier in die onmiddelike omgewing afgespeel het - gebeure wat vir ons lewend voor die gees geroep word deur die stoflike oorskot van wyle Genl. Beyers wat hier weggebêre is in die skoot van die Wes-Transvaal.

Oor hierdie gebeure van 1914 - en by name die tragiese heengaan van 'n geliefde Boere-Generaal op 8 Des. 1914 - wil ons nie vandag praat nie, behalwe om 'n enkele saak te noem wat vir my swaar op die hart lê en waaraan ek lank reeds dink. Ek verwys hier na die erkenning wat die Afrikanervolk tot dusver gegee het aan die opofferende volksdiens van wyle Genl Beyers, en na die erkenning wat hy myns insiens verdien om te ontvang. Ons noem dit veral in die lig van die groot persoonlike vriendskap wat daar tussen hom en my oorlede vader bestaan het vanaf 1899 tot die dag van sy dood - 'n vriendskap wat vir hom so heilig was dat na die dood van hierdie geliefde en gewaardeerde vriend en broer hy sy een seun na hom vernoem het.

~~SUID-AFRIKA~~ Die Afrikanervolk, ja, die hele Suid-Afrika het 'n ereskuld om te vereffen teenoor hierdie ontslape volksheld, 'n ereskuld wat veral saamhang met sy posisie as eerste hoof van die Aktiewe Burgermag van die Unie van Suid-Afrika. Op 1 Julie 1912 het Genl. Beyers die aanstelling aanvaar - 'n aanstelling wat in meer as een opsig 'n keerpunt sou word in die toekomstige rol wat die Afrikaner in die militêre lewe van ons land sou speel. Die Regering het reeds sy erkenning gedoen vir die groot rol wat Genl.

Beyers gespeel het in die opbou van 'n weermag geskoei op Suidafrikaanse lees en in ooreenstemming met die beste tradisies van die Vegtende Boer deur 'n regiment na hom te vernoem. Maar dit nie genoeg nie. Meer moet gedoen word - langs een van twee weë:

(1) As dit nie verkeerd vertolk sal word deur die Afrikaners van die omgewing nie, wil ek vra: Het die tyd nie aangebreek dat 'n begraafplaas vir ons ontslape volkshelde in die skaduwee van die Voortrekkermonument ingerig sal word - en wat Genl. Beyers betref, liewer in die rigting van Voortrekkerhoogte, die Hoofkwartiewe van ons Verdedigingsmag- waar sy stoflike oorskot kan 'n eerste ere-rusplek kry?

(2) Sou dit nie 'n paslike gebaar wees om vir hierdie geliefde volksheld en militêre leier op 'n gepaste plek 'n waardige monument op te rig nie?

Ek lê hierdie gedagtes vir oorweging in u midde in die vertroue dat daar iets blywensds uit gebore sal word.

Die saak waaroor ons vandag met u egter wil praat gaan oor: DIE BEDREIGING VAN DIE VOORTBESTAAN VAN DIE AFRIKANERNASIE.

Dié van u wat die geskiedenis ken sal weet dat daar meer as een oomblik in die geskiedenis van die Afrikanervolk was toe alles daarop gedui het dat die laaste oomblik aangebreek het, toe dit geskyn het asof sy doodsklok enige oomblik kon lui. Na alle uiterlike tekens was sy ondergang 'n voldonge feit; van alle kante was hy ingesluit en vasgekeer. En volgens alle menslike verwagtinge en logiese oorweginge was dit Ikabod, klaarpraat - en tog het dit nie gebeur!

Dink maar net aan drie uitstaande momente in die veelbewoë geskiedenis: (a) Bloedrivier; (b) Die Engelse oorlog; (c) Die donker jare van droogte en depressie van 1932-33 en daarn a.

Hoewel dit elke keer gelyk het asof die uur van ondergang en vernietiging geslaan het, het daar nogtans elke keer op wonderbaarlike wyse uitkoms en uitredding gekom deur 'n onverklaarbare wending wat die duisternis lig gemaak het. En elke keer is sulke tye van beproewing en dreigende verdelging gevolg deur tye van ongekende voorspoed en vooruitgang waarin God dubbel en dwars teruggeskenk het vir wat Hy vantevore geneem het. // Hoe verklaar u anders dat na Bloedrivier twee bloeiende Boererepublieke totstand kom? // Dat uit die puinhope van die Anglo-Boere-oorlog 'n nuwe volk tot herrysenis kom? //Dat die bedelstaf van 'n armeblankedom van die jare na '33 vervang is deur die heerserstaf van 'n welvarende Suid-afrikaanse nasie? Van ongekende voorspoed en welvaart waarin ons almal die afgelope jare deel?

Geen wonder dat daar duisende Afrikaners is wat vandag rondloop met die gedagte dat dit met ons volk vandag so goed gaan as nooit vantevore nie, wat vas onder die indruk verkeer dat ons alles verkry het waarvoor ons gely en gestry het - en dat ons nou heerlik op ons louere kan gaan rus. // As ons dink aan alles wat die afgelope jare in ons land gebeur het kan ons dit goed verstaan: (1) Die ongekende voorspoed gepaard met die feit dat (2) die verwoestinge van die afgelope wêreldoorlog ons land gespaar gebly is; en (3) die staatkundige ontwikkelinge vanaf 1948 waardeur die Afrikaanssprekende se taal- en politieke regte verseker is soos nog nooit vantevore nie. Al hierdie dinge het 'n gevaarlike gerustheid by die Afrikaner laat posvat wat net een ding vir die toekoms spel: ONHEIL - ja, en moontlik sy ONDERGANG.

As u my sou vra waarop ek hierdie bewering grond dan verwys ek u na drie duidelik-sigbare verskynsels, duidelik-waarneembaar vir elkeen wat oë het om te sien:

(1) die trae en skaars opwekbare belangstelling in kultuursake by duisende van ons volksgenote;

(2) die skaamtelose aanbidding van stoflike dinge by ons Afrikaners;
(3) magte soos huweliksontrou, drankmisbruik e.a. wat besig is om d ie grondslae van ons hele Christelike beskawing te ondermyn en ons hooggeroemde aanspraak van Christenvolk tot 'n jammerlike klug te maak.

Maar by dit alles is ons dankbaar om te sien dat daar tog 'n groot groep onder ons volk is wat besef dat daar magte is wat besig is om die voortbestaan van ons nasie te bedreig - magte baie sterker en geweldiger as die magte van Dingaan, van vyandelike troepe, van droogte en gebrek - magte wat juis sterker is omdat hulle stiller tewerk gaan: stil, diep strome wat besig is om aan die fondamente van ons hele bestaan te spoel. En ek glo dat dit ons roeping is om ons hele volk se oë te open vir hierdie ernstige bedreiginge.

Wanneer ons nou gaan soek na die aard van hierdie bedreiging dan vind ons dat dit tweeledig opgeneem word. Aan die een kant is daar dié wat dit sien as 'n bedreiging van buite - 'n bedreiging wat drie uitingsvorme aanneem:
(a) ISOLERING: Daar word dan deur hierdie groep daarop gewys dat die Afrikanervolk vandag alleen staan in die hele wêreld. Waar dieselfde volkie, klein in getal en gering in invloed, in 1899 - 1902 die bewondering van die hele wêreld afgedwing het deur hulle moedige en dappere stryd teen 'n oormag van 'n magtige Britse ryk, daar staan dieselfde volk vandag voor die regbank van 'n ganse wêreld nie alleen as aangeklaagdes nie, maar feitlik as reeds veroordeeldes. In die algemene wêreldpers vind ons byna geen goeie woord nie; vanuit die Weste kom die felste kritiek en veroordeling; vanuit die Ooste vyandskap en vervloeking - en dit alles omrede van d ie beweerde onmenslike en onChristelike beleid van "onderdrukking" en miskenning van basiese menseregte aan die nie-blankes van ons land.

Hierdie isolering het sy ernstige gevolge daarin dat sekere volke en geldmagte ons land probeer skade berokken op ekonomiese gebied, terwyl ander ons op staatkundige gebied probeer benadeel sover soos moontlik. Die vraag dring hom dan ook na vore: Sal die Afrikanervolk hoself kan bly handhaaf op die lang duur teen hierdie oorweldigende druk van wêreldmagte – of sal ons [illegible] terwille van ons voortbestaan moet toegee?

(b) UITWISSING: 'n Tweede bedreiging van buite is die ernstige gevaar van algehele uiteindelike uitwissing van die blanke ras in Suid-afrika wat ons in die gesig staar deur die groot getalle-oorwig van die nie-blankes in die Unie sowel as oor die hele vasteland van Afrika, gepaard met die feit dat in baie gebiede van Afrika die nie-blanke volksgroepe maatskaplike en politieke voorregte ( o.a. volle stemreg en selfbestuur) ontvang en in toenemene mate geniet. Met reg kan die vraag gestel word: Het die blanke nog enige hoop om as blanke te bly voortbestaan – of wag daar vir ons uiteindelik net een uiteinde: Algehele uitwissing deur die oormag van miljoene swartes? Ons aanwas van blankes kan met die baie vinniger bevolkingsgroei van die nie-blanke nie tred hoe nie – en ons immigrasie is so gering i.v.m. die oorwig wat die nie-blanke reeds het, dat ons langs daardie weg geen permanente oplossing kan verwag nie. Beteken dit dan dat ons ons stadig maar gewis op algehele verswelging deur die gekleurde rasse moet instel en voorberei?

(c) VERMENGING: 'n Derde gevaar wat deur die groep mense wat ons bedreiging sien as komende van buite , opgenoem word is dié van uiteindelike vermenging met die nie-blanke van Afrika – die moontlikheid dat ons, ten spyte van al ons pogings om blank te bly, uiteindelik sal moet toesien en aanvaar dat dit 'n prakties onuitvoerbare ideaal is.

As ons aan hierdie drie aspekte van die bedreiging van buite dink, moet ons erken dat ons hier te doen het met faktore wat nie somar so ligweg opsy geskuif kan word nie. Daarom is ons so dankbaar dat op hierdie tydstip 'n werk soos dié an Dr. G.D. Scholtz verskyn het: HET DIE AFRIKAANSE VOLK 'N TOEKOMS? - omdat dit ons help om nugter en ernstig oor dié dinge na te dink.

En tog - tog wil ek waag om vanmôre te beweer dat die werklike, die wesenlike bedreiging vir die voortbestaan van ons Afrikanernasie nie geleë is in hierdie faktore wat ons van buite bedreig nie. 'n Vyandige wêreldmening is nie genoegsaam om 'n volk te laat ondergaan nie; 'n oorwig van bevolkingsgetalle besorg nie noodwendig aan 'n nasie 'n oorwinning oor 'n ander nasie nie; vermenging van bloed - selfs al sou dit tot 'n sekere mate plaasvind - beteken nie ipso facto die uitwissing van 'n volk nie. Nee - dis eers wanneer uiterlike faktore ineenvloei met innerlike beskouinge, dis eers wanneer die bedreiging van buite aangehelp word deur 'n rysmierproses van binne-uit die siel van 'n volk : dan eers het ons die reg om te sê: Hierdie volk gaan ten gronde.

B. Daarom is dit vir my van die allergrootste belang om saam met u die vraag te beantwoord: Is daar sulke innerlike strominge in die denke en lewe van ons volk vandag aanwesig wat sy voortbestaan bedreig? En indien wel, wat is daardie faktore? Vergun my om hier 'n paar te noem wat na my beskeie mening besig is om 'n direkte en openlike bedreiging vir die voortbestaan van ons volk te word:

(1) Die feit dat daar te veel Afrikaners is wat die voordele van aprtheid verlang sonder om die verantwoordelikhede te wil aanvaar:

Daar word vandag baie gepraat en geskryf oor die apartheidsbeleid van die huidige

regering. Vir hierdie belangstelling is ons innig dankbaar omdat dit bewys dat die inwoners van ons land bewus is van die erns van die tye waarin ons lewe. Wat ons egter tot ernstige nadenke stem, is die feit dat daar so 'n groot persentasie van ons bevolking is wat hierdie beleid van aparte, selfstandige, parallelle ontwikkeling van blank en nie-blank sien as 'n geleentheid vir die blanke om sy magsposisie te verstewig, sy ekonomiese en politieke baasskap te handhaaf, en om die naturel in 'n blywende minderwaardige posisie te hou. M.a.w.: baie blankes sien die hele beleid van apartheid nog te veel as 'n geleentheid om homself te bevoordeel - afgesien van wat die uitwerking van die toepassing van die beleid op die nie-blanke gaan wees. – ten koste v.d. nie-blanke.

Die vraag is egter of ons volk as geheel besef watter groot en swaar offers van ons as blankes geverg gaan word as ons hierdie beleid volledig en konsekwent wil toepas? Besef ons dat dit o.a. gaan meebring dat ons al hoe minder sal kan steun op nie-blanke arbeid op ons plase, in ons huise, in ons nywerhede? Besef ons dat dit sal meebring dat ons blankes baie meer hande-arbeid in die toekoms sal moet verrig? Dat die nie-blanke in sy eie gebiede uiteindelik ook baie meer maatskaplike, kulturele en politieke regte sal moet kry en geniet?

En as ons dit nie besef nie, speel ons dan nie met vuur nie - deurdat ons met 'n selfsugtige en selftevrede houding wil behou wat ons het sonder om te vra: Wat is my plig teenoor my naaste?

(2) Die feit dat ons as volk tot dusver nog nie bewys het dat ons instaat is om ons stoflike voorspoed tot geestelike voordeel te omskep nie:

Enigeen wat 'n bietjie moeite doen om te kyk na wat om hom aangaan, sal erken dat ons volk vandag 'n welvarende volk geword het;

ja, ek wil byna sê: 'n te welvarende volk. Ons volksinkome het verdubbel en verdriedubbel; ons land se minerale en ander rykdomme het ons 'n ekonomiese voorspoed besorg wat 'n paar jaar gelede onmoontlik gelyk het en ons stoutste verwagtinge oortref het.

Nou moet u nie dink dat ek wil voorgee dat so 'n ekonomiese opbloei iets sondigs of verkeerds is nie - alles hang af van die manier waarop 'n volk daarteenoor staan. Wat ek wel wil beweer is dat 'n volk maklik die slagoffer kan word van sy eie voorspoed; dat 'n volk nie opgewasse is (geestelik) teen sy stoflike voordele nie. 'n Volk wat opgewasse is teen so 'n welvaart is 'n volk wat:

(a) Sorgdra dat sy volksinkome en bates sover soos moontlik versprei word onder die groots moontlike deel van sy hele bevolking - en ook so eweredig moontlik;

(b) Sorgdra dat dit gepaard gaan met 'n verstandige besteding van geld op dié dinge wat werklik en blywend tot voordeel is van die volk se geesteslewe;

(c) Sorgdra dat dit nie die gesonde arbeid- en spaarsin van die volk nadelig beinvloed nie

Die nasie wat nie instaat is om sy voorspoed so te beheer nie, is besig om sy eie graf te grawe. Dink nou aan ons eie volk vandag - dink aan ons manier van lewe, ons opvattinge oor geldsake, dink aan ons arbeidsprestasies in vergelyking met dié van ander werkers van die wêreld - en vra uself af of daar nie ernstige rede is tot bekommernis oor die voortbestaan van ons volk nie?

(3) Die feit dat daar by ons volk die afgelope 20 jaar 'n grondverskuiwing plaasgevind het in ons houding teenoor die godsdiens:

'n Volk of 'n groep mense se godsdiens bly alleen so lank van waarde as dit 'n persoonlike belewing is van geloofswaarhede. Sodra egter

die persoonlike belewing vervaag of vervang word deur 'n geykte tradisie of vorm wat hoofsaaklik beoefen word omdat 'n vrome voorgeslag dit beoefen het, dan word 'n volk se hele voortbestaan bedreig.

Nou wil ek nie voorgee dat dit reeds so ver gevoerder het in ons volkslewe nie, maar ek wil met die grootste klem en oortuiging beweer dat die proses van vervreemding van die volk van die lewende God baie verder is as wat meeste van ons besef of wil erken. Hoe verklaar u anders die gedurige toename in gebroke huise, misbruik van sterk drank, omkopery en bedrog? Waar daar 'n lewende geloof is word die huwelik geheilig, word matigheid beoefen en eerlikheid en reg gehandhaaf. Ook in ons volkslewe het die afgelope jare 'n groot ommekeer gebring in ons morele waardes - en hierdie dinge is besig om meer as enigiets anders, die voortbestaan van ons nasie te ondermyn.

Formeel d. Kerk nog sy status –

Ek hoop nie dat u die idee gekry het dat ek 'n pessimis is, 'n donkerbril- draer nie. Inteendeel: ons noem hierdie dinge nie omdat ons reken dat daar niks aan gedoen kan word nie, maar juis omdat ons glo in die voortbestaan van ons nasie . Maar dan moet ons die dinge eerlik in die oë sien en vra wat gedoen moet word om die voortbestaan van ons nasie te vesker. Sonder om vermetel te wees, wil ons hier 'n paar dinge aanstip waaraan ons aandag moet gee:

(1) <u>I.v.m. ons verhouding tot die nie-blanke:</u>

(a) Ernstiger studie en besinning oor die saak - ook deur kontak met nie-blanke;

(b) Toepassing van 'n beleid wat die voortbestaan van ons blankes sal verseker, maar ter selfdertyd billik en regverdig is teenoor die nie-blanke;

(c) ~~Voorligting~~ ~~aan~~ Sendingwerk onder nie-blanke: bv. Genl Beyers Commando Dankzendingwerk.

(d) Saak van gesindheid:

(2) I.v.m. ons Volksinkome en Welvaart:

(a) Meer eweredige verspreiding

(b) Aanwending van rykdomme land tot geestesverryking;

(c) Kweking groter arbeidsaamheid en spaarsin;

(d)

(3) I.v.m. die Herstel van ons Godsdiens:

(a) Volk bewus maak van sy ware geestelike toestand;

(b) Kerk nie soek om volkskerk te wees nie, maar kerk van Christus;

(c) Lyn tussen geloof en ongeloof duideliker trek en handhaaf;

(d) Wedergeboorte as eis tot ingang Gods Koninkryk.